

**11 Augustus**

**1 Kronieke 12 en 13**

**Dien God slegs soos Hy dit voorskryf**

1 Kronieke 12 verhaal hoe Dawid se koningskap deur almal erken is. Dawid berus egter nie in die politieke eenheid wat tot stand gekom het nie. Vir Hom is dit belangrik dat die volk 'n godsdienstige eenheid moet wees wat as volk God dien. Daarom beywer hy hom daarvoor om die verbondsark van die Here na die nuwe hoofstad te bring.

Die ark was simbool van die verbondsverhouding van God met sy volk. Die wet as die verbondskontrak is in die ark gebêre. Die ark was ook die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Toe Israel ontrou geword het en die verbond verbreek het, het die Here egter toegelaat dat die ark deur die Filistyne gebuit is. Die terugbring van die ark sou dus neerkom op herstel van die verbond.

Alhoewel dit uiters prysenswaardig was, het hulle egter nagelaat om al God se bepalings na te kom. Hy het immers uitdruklik bepaal dat die ark altyd deur die priesters gedra moes word. Dawid en die volk moes op die harde manier leer dat dit belangrik is om God te dien op die wyse wat Hy gedien wil wees. Al lyk ander maniere soms vir ons menslikerwys net so aanvaarbaar, is dit nie vir God aanvaarbaar nie. Om God te dien beteken om slegs voor sy wil te buig. Hy is in beheer, nie die mens nie.

*Sing: Psalm 25:1,2*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*